Klein Lochieland

Nuusbrief Graad R en RR

Lourensrivierweg / Posbus 124
STRAND
Tel: 021-8548592
E-pos:
adminkleinlochieland@lochnerhof.co.za

2025-02-21

Liewe Ouers

GHOLFDAG: 7 MAART 2025
Die gholfdag se reëlings vorder baie mooi! Ons is dankbaar vir die skenkings en hulp van die komiteelede en ouers. Ons benodig nog **pryse** vir die gholfdag om tot by die 15de plek pryse uit te gee. Pryse kan absoluut enigiets wees, solank daar net twee van een soort is, bv. kampstoele, koelsakke, gholfhemde en -keppies, potte, glase, penstelle, verf, roosters, biltong-hampers, ens. Kontant skenkings sal ook baie waardeer word, want dit word gebruik om pryse aan te koop. Elke bietjie help!

Ons benodig geen **putjie borge** meer nie. Elke putjie is reeds geborg. Baie dankie hiervoor!

Ons het besluit om weer vir ons verskillende klasse te vra om artikels in te samel om "hampers" op te maak. Dit kan ook as **pryse** gebruik word. Indien julle dit in jul begroting kan inpas kan die ouers van die volgende klasse die volgende items bring, asb:

Bytjieklas RR1-Juffrou Carlene:	***Sjokolade*** *(een "slab" per kind)*
Skoenlapperklas RR2-Juffrou Paula:	***Lekkers of beskuit*** *(minstens 'n pakkie per kind)*
Besieklas RR3-Juffrou Michelle:	***Neute of droë vrugte*** *(een pakkie per kind)*
Miertjieklas RR4-Juffrou Vernanda:	***Groot pakke skyfies*** (*minstens een pak per kind)*
Naaldekokers RR5-Juffrou Jané:	***Soet of sout koekies*** *(minstens een boksie per kind)*
Eendjieklas R1-Juffrou Anja:	***Witwyn*** *(minstens 1 bottel)*
Beertjieklas R2-Juffrou Janita:	***Ciders*** *(minstens 1 pak van 6)*
Vissieklas R3-Juffrou Chantelle:	***Rooiwyn*** *(minstens 1 bottel)*
Hasieklas R4-Juffrou Cara:	***Bier*** *(minstens 1 pak van 6)*

Ons gaan 'n interne kompetisie tussen die klasse loods en die klas wat die meeste items by graad R en RR insamel, 'n beloning gee.
Ondersteun ons asb!

TOELATINGS 2026
Aansoeke vir graad RR word aanvaar tot 15 April 2025. Voltooi asb. volledig en handig in by admin@lochnerhof.co.za

GRAAD R-INLIGTING:

WILD WILD WEST – UITSTAPPIE: 11 en 13 Maart
Onthou om die kleuters se **R70-00** voor Donderdag 6 Maart te betaal, asb.

Ons tema vir volgende week is: **SOMER**

Ons persepsies is:	Kleur:	**Pers**
	Getal:	**3 en derde**
	Klank:	**j en i-klank**

Assesserings:
Tel in ene van 1 tot 10
Tel terug van 5 tot 1
Teken 'n menstekening
Onderskei tussen links en regs
Balanseer op een been

Maandag	24 Februarie:	***Bring "i en j-klankie" prente, asb***
Dinsdag	25 Februarie:	Ek teken 'n somersprentjie
Woensdag	26 Februarie:	Kleuters trek iets **pers** aan, asb. (as hulle het)
Donderdag	27 Februarie:	Ons teken 'n menstekening
Vrydag	28 Februarie:	***Onthou om skoolhempies aan te trek, asb.*** ***Vrydag is lekkertjie-dag!***

GRAAD RR-INLIGTING:

OUMA- EN OUPADAG: 14 MAART 2024 (SLEGS GRAAD RR-KLEUTERS)

Ons wil graag op Vrydag 14 Maart vir ouma en oupa nooi om die oggend saam met ons te kom piekniek hou. Kleuters moet asb soos ouma of oupa aantrek. Kostes beloop R60-00 per persoon wat eet- en drinkgoed insluit. Bring asb. eie kampstoele en/of 'n piekniekkombers. Die kleuters se kunswerke sal te koop wees vir 'n donasie van minimum R10-00 (daar is slegs 2 werkies per kind). Die kaartjies sal by die klasonderwyseres te koop wees. Stuur asb. die korrekte bedrag in 'n toegeplakte koevert met u kind se naam en Ouma en Oupadag daarop, skool toe. Dui asb ook aan hoeveel kaartjies u wil koop. A.g.v. beperkte spasie op die skoolterrein, is die oggend slegs vir ouma's en oupa's en ongelukkig nie vir ouers nie.

FANSA-INSTAPPIE: 28 FEBRUARIE

Om by ons tema *Sintuie* aan te pas, besoek FANSA ons om die kleuters meer oor sintuie te leer. Kostes beloop R40-00 per kind. Stuur asb. die korrekte bedrag in 'n toegeplakte koevert met u kind se naam op.

Ons tema vir volgende week is: **MY SINTUIE**

Ons persepsies is:

Kleur:	**Oranje**
Vorm:	**Reghoek**
Getal:	**3**
Klank:	**f-klankie**

Maandag	24 Februarie:	***Laaste dag vir FANSA-gelde, asb***
Dinsdag	25 Februarie:	Ons maak 'n lekker-ruik-blom
Woensdag	26 Februarie:	Kleuters trek iets **oranje** aan, asb. (as hulle het)
Donderdag	27 Februarie:	Bring asb. 'n **reghoekige** broodjie skool toe
Vrydag	28 Februarie:	***FANSA-INSTAPPIE: Onthou om skoolhempies aan te trek, asb.*** ***Vrydag is lekkertjie-dag!***

Geniet u naweek!

Vriendelike groete
Klein Lochieland Personeel